

Die Christen  
Dissipelmaker

# Identiteit en Lewensdoel in Krisis

Oktober 2011



Die Christen

# Dissipelmaker

Afrikaanse Bediening

Getrou aan Jesus Christus se Groot  
Opdrag

**“Gaan dan heen, maak dissipels van  
al die nasies...” Mat 28:18-20**

- ◆ Die Dissipelmaker is 'n interkerklike bediening en nie verbonde aan enige denominasie nie. Ons bevorder dus ook nie enige bepaalde denominasie of beweging se Teologie nie. Ons ondersteun en werk saam met alle evangeliese kerke en denominasies wat op die Woord van God staan.
- ◆ Ons glo in die Bybel as die onfeilbare Woord van God, en dit is ons doel om ware dissipels van Jesus te maak en Christene te help om die dieper waarhede van die Woord en die oorwinningslewe te ontdek.
- ◆ Ons glo aan die eenheid van alle ware weergebore Christene - ongeag hulle denominasionele verbintenis - en beywer onself vir eenheid en eensgesindheid onder kinders van die Here oor denominasionele grense heen.

Die Dissipelmaker is:

Bybelgefundeer - Evangelies - Interdenominasioneel - Nie-sektaries.

Kopiereg © 2011 Scripture Educational Programs. Toestemming word hiermee verleen vir die druk of kopiëring en kostelose verspreiding van hierdie publikasie binne u gemeente of vriendekring, op voorwaarde dat u al die bladsye van hierdie publikasie druk en versprei. U mag ook enige illustrasies gebruik vir onderrigdoeleindes.

© Aanhalings uit die Bybel in Afrikaans (1953- en 1983 vertalings) - met verlof van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Aanhalings is uit die Ou vertaling van die Afrikaanse Bybel, behalwe waar anders aangedui word. Aanhalings word afwisselend uit die Ou en Nuwe Vertalings gebruik om te verseker dat die betekenis van die Skrif so verstaanbaar en akkuraat as moontlik weergegee word. Waar die Nuwe Vertaling van die Afrikaanse Bybel aangehaal word, word dit aangedui met (NAV).

## GESOEK!

♣ Gebedsondersteuners ♣

♣ Finansiële Ondersteuners ♣



### RYP OESLANDE

**“Sê julle nie: ‘Nog vier maande, dan is die oes daar’ nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.” (Joh 4:35)**

Die Dissipelmaker is een van drie bedieninge onder die vaandel van Scripture Educational Programs.

Sending Sonder Grense stuur die Evangelieboodskap regoor die wêreld uit met behulp van die Internet.

Kerk Oor Grense help om huiskerke te fasiliteer waar so 'n behoefte bestaan.

Die Dissipelmaker maak dissipels van groeiende Christene.

Lees meer van Scripture Educational Programs se bediening op ons webblad: [www.sepprograms.com/indexa.html](http://www.sepprograms.com/indexa.html)

Besoek hierdie webbladsy om in te teken op Die Dissipelmaker: [www.sepprograms.com/dissipelmaker.html](http://www.sepprograms.com/dissipelmaker.html)

Die lande is ryp vir die oes, maar die arbeiders en ondersteuners min! Ons nooi u om saam met ons die wa te trek. Ons is 'n geloofsaksie wat ten volle afhanklik is van die vrywillige ondersteuning van kinders van die Here.

Rekeningnaam:  
Scripture Educational Programs  
Bank: FNB Tjek Rek Nr: 62324491141  
Takkode: 250655

U kan ook u bydrae pos aan onderstaande adres.

Alle geïdentifiseerde bydraes sal erken word.

### Scripture Educational Programs

Posbus 31014, Totiusdal, Pretoria. 0134

Webblad: [www.sepprograms.com](http://www.sepprograms.com)

Eposadres: [office@sepprograms.com](mailto:office@sepprograms.com)

Direkteur en redakteur: Elmer D Grobler

# Identiteit en Lewensdoel in Krisis

Elmer D Grobler

**E**k is reeds 62 jaar oud en as ek terugkyk oor my lewe moet ek eerlik wees, was daar tye wat die lewe vir my doelloos was. Ek weet nie of jy ook al 'n tyd in jou lewe beleef het waar dit vir jou gevoel het of daar geen doel in jou lewe is nie. Indien nie, dan is jy seker nog baie jonk, want dit is my oortuiging dat elke mens op een of ander stadium in sy lewe met die vraag worstel: Wat is die doel hiervan, of, wat is my doel in die lewe? Ek dink hoe ouer 'n mens word en hoe meer ondervinding 'n mens in die lewe opdoen, hoe meer dikwels word 'n mens gekonfronteer met hierdie vraag: wat is my doel?

Een van die verpletterendse ervaringe wat 'n mens in die lewe seker kan hê is om by 'n punt in jou lewe te kom waar alles vir jou doelloos is.

**En weet jy, dit gebeur met die beste, die slimste en die rykste mense op aarde!**

Om die waarheid te sê, dit het gebeur met die slimste, rykste en magtigste koning van sy tyd, koning Salomo. Ons lees daarvan in die boek Prediker.

In Pred 1:12-17 en 2:17-22 (NAV) lees ons: *“Ek, die Prediker, was koning oor Israel in Jerusalem. Ek het my daarop*

*toegelê om alles wat in hierdie wêreld gebeur, te ondersoek en behoorlik te deurdink. Ek het bevind: God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou. Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind. Wat krom is, kan nie reguit word nie; wat nie daar is nie, kan nie getel word nie. Ek het by myself gedink: ek het meer wysheid as almal wat voor my in Jerusalem geregeer het, ek het baie ervaring en insig. Ek het my daarop toegelê om te verstaan wat wysheid en kennis is, en wat dit is om 'n gebrek aan wysheid en kennis te hê. Ek het vasgestel: ook dit is 'n gejaag na wind.”*

*“Ek het die lewe gehaat, want alles wat in hierdie wêreld gebeur het, het vir my sleg afgeloop. Alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind. Ek het alles gehaat waarmee ek my in hierdie wêreld met soveel sorg besig gehou het, want ek moet dit nalaat aan dié een wat ná my kom, wie weet of hy 'n wyse of 'n dwase mens sal wees? Tog sal hy beskik oor alles wat ek met sorg en oorleg in hierdie wêreld bymekaar-gemaak het. Dit kom dus ook tot niks. Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het. 'n Mens wat met wysheid en kennis gewerk en sukses behaal het, laat sy besittings na aan een wat glad nie daarvoor gewerk het nie. Dit is nie reg nie. Ook dit kom dus tot niks. Wat het*

*die mens nou eintlik aan alles waarmee hy hom met soveel sorg en ywer in hierdie wêreld besig hou?"*

Was jy al in jou Christelike lewe in 'n geloofstryd? Ek was al, en ek glo dat meeste Christene kom op een of ander stadium in hulle Christelike lewenswandel in 'n geloofstryd. Is God in beheer? Het Jesus werklik oorwin oor Satan en sy koninkryk aan die Kruis? Waar is God in my omstandighede? Kan 'n mens God regtig verstaan? Wat is die doel van alles? Wie is ek regtig? Die lewe is 'n gejaag na wind! Dit is die gevolgtrekking waartoe Salomo gekom het.

Twintig jaar na my bekering het die Here vir ons as gesin op 'n pad van beproewing en stryd gelei wat op daardie stadium vir ons na 'n nimmereindigende draaikolk van negatiewe omstandighede gevoel het wat besig was om ons tydelik en geestelik te vernietig. Gedurende hierdie tyd het ek baie dinge begin bevraagteken. Ek het selfs aan God se liefde begin twyfel.

**Die Evangelie, soos ek dit verstaan het, het net nie meer sin gemaak nie.**

Selfs die lewe het nie meer vir my sin gemaak nie.


## **Wie is ek as mens?**

Een van die vrae wat ek begin vra het was, WIE IS EK? Ek weet nie of jy al hierdie vraag gevra het nie. "Wie is ek?" Baie mense kom op 'n stadium in

hulle lewe waar hulle hierdie vraag vra. Om die waarheid te sê, dit is die rede waarom die webblad Ancestry.Com so populêr is. Mense soek na hulle voor- en agtergeslagte op Ancestry.Com. Op die manier het sommige mense al uitgevind dat hulle van 'n koninklike geslagslyn afkomstig is. Hoe sal dit jou lewe verander as jy uitvind dat jou oupa-oupagrootjie 'n skatryk koning, vors of belangrike leier was 100, 200 of 300 jaar gelede?

Alle mense vra eintlik op een of ander stadium in hulle lewe bewustelik of onbewustelik hierdie vraag, "Wie is Ek?" Ongelukkig kom miljoene mense in hierdie wêreld by die verkeerde antwoord uit! Van die slimste mense in die wêreld wat hierdie vraag vra, glo die domste ding! En wat meer is, dit maak hulle gelukkig om sulke dom dinge te glo!

Ek het 'n paar jaar gelede gaan besoek aflê by die Maropeng sentrum in die sogenaamde Wieg Van Die Mens wêrelderfenis gebied. Ek het hierdie fotos daar geneem.



Weet jy, ek kan nie verstaan hoe intelligente mense hierdie goed kan glo nie! As ek moet glo dat hierdie my groot -groot oupagrootjie was, sal dit my selfbeeld totaal en al vernietig! Om die waarheid te sê, ek kan nie glo enige iemand behalwe 'n aap, kan glo dat sy voorouers ape was nie! Tog glo miljoene mense dit nie net nie — hulle wil dit glo — hulle wil niks anders glo nie! Die hele wêreld glo hierdie is die “wie van die mensdom!” Dit gaan my verstand te bowe! Dit vertel egter vir my een ding — dit vertel my dat die geestelike blindheid wat deur die sondeval veroorsaak is, veel groter is as wat ek in my wildste drome ooit besef het!

Jy sien, wanneer 'n mens die vraag vra, ‘wie is ek?’, moet jy heel eerste vra, ‘uit watter geslagslyn kom ek?’ As jou geslagslyn teruggaan na Adam toe, is jy nog 'n verlore sondaar oppad hel toe. Dan het jy 'n ligitieme identiteitskrisis en moet jy weergebore word — uit God gebore word — om jou identiteit te verander. (Jy sal egter tevergeefs by Maropeng of op Ancestry.Com soek vir hierdie inligting — jy sal dit slegs in die Bybel vind!)

Hierdie is egter nie die identiteitskrisis waaroor ek wil praat nie.

## **Wie is ek as Christen?**

Daar is by my geen twyfel dat God die mens na Sy beeld geskape het soos die Bybel leer nie! Maar die vraag het my bygebly, WIE IS EK AS CHRISTEN? Wie is ek regtig in Christus?

**Is ek maar net 'n armsalige sondaar mens uit genade gered en nou oppad hemel toe? Of is ek dalk iets meer as dit?**

Gedurende hierdie tyd van stryd en beproewing in my lewe het ek my daaglik tot God in die gebed gewend en met die Here oor hierdie dinge gepraat en geredeneer. Ek was somtyds heel reguit met God, somtyds selfs kwaad, somtyds in tranes. Ek het selfs op een van die koppies op ons eiendom met klippe uitgepak: “OH GOD!” en dit wit geverf sodat die Here dit elke dag kan lees.

In sy groot genade het die Here my nie verstoot nie, maar dikwels was Hy doodstil — net soos met Job. Maar soos ook in die geval van Job, het 'n dag aangebreek dat God begin praat het en Homself geopenbaar het. En dit wat ek nou met jou wil deel, is wat die Here aan my deur Sy Woord, deur Sy Gees geopenbaar het toe Hy met my begin praat het.

**Wanneer ek lees tot watter gevolgtrekkinge sommige ander gekom het wat deur 'n soortgelyke geloofskrisis gegaan het, moet ek aanneem dat God in hulle geval doodstil gebly het.**

So lees ek byvoorbeeld in die Beeld van 17 Julie 2010 in 'n artikel oor iemand wat drie doktorsgrade in die teologie het, wat tot die volgende gevolgtrekkings gekom het deur sy uitgebreide studies: “dat die skeppings-verhaal ... 'n relatief jong verhaal is wat eintlik eers in die Ballingskapyd ontstaan het ...dat die Uittog nie plaasgevind het soos die verhaal sê nie ... dat Jona en die vis 'n novelle is ... dat Job 'n fiktiewe karakter was ... dat die karakter van “Jesus” in die evangelies 'n “recycled” Moses-, Elia-, Elisa-soort figuur is ... dat Paulus se Christus 'n soort Mitras-figuur is ... dat die ooreenkomste tussen Jesus en van die ander Griekse en Romeinse gode net te voor die handliggend was om langer te ignoreer ... dat Jesus nie uit 'n maagd gebore is nie ... dat Hy nie God se Seun is wat mens geword het nie .. en dat Hy nie aan 'n kruis vir my sonde gesterf het nie.”

Toe die joernalis vir hom vra, ‘hoe raak dit jou?’, het hy geantwoord: “Ek probeer nog die implikasies daarvan vir my eie geloof verwerk en om sin daaruit te maak. ... Watter sekerhede het ek nou om aan vas te hou?”

**Wat 'n katastrofiese tragedie wanneer jou soeke na waarheid tot hierdie slotsom lei!**

Laat ek jou vertel wat die implikasies daarvan vir sy geloof is. Dit staan in Pred 1:12 — dieselfde boek wat deur die professor 'n mite bevind is: “*Ek het my daarop toegelê om alles wat in hierdie wêreld gebeur, te ondersoek en behoorlik te deurdink. Ek het bevind:*

*God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou. Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.*” (NAV)

Deur die genade van die Here kan ek egter aan jou meedeel dat ek in my soeke na waarheid, tot die absolute teenoorgestelde slotsom gekom het! Ek moet ook erken dat gedurende hierdie tyd van geestelike stryd die Bybel vir my niks gesê het nie. Die Bybel was vir my 'n toe boek — net soos vir die professor wat ek so pas aangehaal het.

Die verskil tussen hom en my is egter dat terwyl hy hom gewend het tot wat **ander** mense van God, Jesus en die Bybel gesê en geskryf het, het ek myself tot God self in die gebed gewend en daarop aangedring om by **God self** te hoor.

'n Baie interessante ding het toe gebeur — die Bybel het vir my oopgegaan! Liewe vriende, ek kan nie aan jou beskryf wat 'n wonderlike ervaring dit is wanneer die Bybel vir 'n mens oopgaan nie! Hoe groter prioriteit ek aan gebed in my lewe gegee het, hoe groter het die Woord van God vir my oopgegaan!

**Ek het ook tot radikale gevolgtrekkings gekom. Die verskil is egter dat die radikale gevolgtrekkings waartoe ek gekom het elke Bybelse- en Evangelie-waarheid absoluut bevestig het!**

Die Here het my gedagtes gelei na Genesis hoofstuk 1 en ek het begin peins oor God se skeppingsdoel.

In Gen 1:26-28 lees ons: *“En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip. En God het die mens geskep na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskep; man en vrou het Hy hulle geskep. En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: Wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en oor al die diere wat op die aarde kruip.”*

**Wat was in God se gedagte toe Hy die mens geskep het. Wat was Sy ware doel met die skepping van die mens?**

Ons lees eerstens dat Hy die mens na Sy beeld geskep het, tweedens dat Hy die mens opdrag gegee het om te vermeerder en te heers oor die skepping. Hieruit kan ons alreeds belangrike afleidings maak.

### **Het God meer in gedagte gehad as wat ons verstaan?**

Die vraag wat nie hier beantwoord word nie is, het Hy die aarde vir die mens

geskep, of die mens vir die aarde? Met ander woorde, het God reeds in gedagte gehad om die mens te skep toe Hy in Gen 1:1 gesê het, *“Laat daar lig wees ...”*, of het hy eers die aarde geskep en toe besluit om die mens te skep om daarvoor te heers?

**Die antwoord op hierdie vraag maak 'n enorme verskil met betrekking tot wie jy en ek is as Christen!**

Liewe vriende, die grondlegging van die wêreld het begin die oomblik toe God gesê het, *“Laat daar lig wees ...”* en...

**Die Evangelie van Jesus Christus en die verhaal van Golgota het oneindig meer krag as dit waar is dat God die skepping van die mens beplan het nog voor die grondlegging van die wêreld!**

Dit is inderwaarheid die geval, want Jesus sê in Mat 25:34: *“Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle*



*berei is van die grondlegging van die wêreld af.*” Met ander woorde, God het reeds ‘n Koninkryk vir die mens in gedagte gehad die oomblik toe hy gesê het, *“Laat daar lig wees ...”* (Lees ook Mat 13:35; Joh 17:24; Ef 1:4; 1 Pe 1:20; Op 13:8; Op 17:8)

Die Bybel is absoluut duidelik: die skepping van die mens is beplan voor die skepping van die aarde! As dit dan so is moes God ‘n baie spesiale doel en plan met die skepping van die mens gehad het — veel meer en groter as net om die aarde te bestuur!

**Die feit van die saak is dat die mens nie ter wille van die aarde geskep is nie, maar die aarde ter wille van die mens!**

Die aarde is geskep as ‘n woonplek vir die mens en die heers daaroor en onderwerping daarvan is die mens se opleidingsveld vir ‘n hoër doel! Die mens heers inderdaad tans oor, en onderwerp die aarde reeds soos God dit oorspronklik bedoel het, al leef ons in ‘n gevalle wêreld. Die ontwikkeling van die wetenskap, wiskunde, tegnologie, elektronika, medisyne, onderwys, ekonomie en al die verskillende wetenskappe en vakrigtings is bewys hiervan, terwyl besoedeling, plundering van hulpbronne, wanadministrasie, korrupsie, misdaad, armoede, oorloë, MIV en VIGS, epidemies en natuurrampe

bewys is van die effek van die sondeval en die gevalle wêreld waarin ons leef.

Ons weet egter ook volgens Op 21:1 dat daar ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde gaan kom. In Op 5:9,10 lees ons ‘n baie interessante vers: *“Toe sing hulle ‘n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.”* (Beklemtoning my eie.)

Ons lees egter nog meer interessante verse in Openbaring. In Op 19:7 lees ons: *“Laat ons bly wees en ons verheug en aan Hom die heerlikheid gee, want die bruilof van die Lam het gekom en sy vrou het haar gereed gemaak.”* En in Op 21:9 lees ons: *“En een van die sewe engele wat die sewe skale gehad het, vol van die sewe laaste plae, het na my gekom en met my gespreek en gesê: Kom hierheen, ek sal jou die bruid toon, die vrou van die Lam.”* (Beklemtoning my eie.)

Wie is die Bruid? Bybel kommentators is dit eens dat die Bruid die Kerk van Christus oor al die eeue is wat met Hom verenig gaan word met Sy wederkoms. Jamieson Fausset and Brown beskryf die Bruid as die triomfantlike Kerk.

## **Wat is die mens se hoër einddoel?**

Die radikale gevolgtrekkings waartoe ek gekom het mag jou ook dalk skok, maar hou vas aan jou stoel.

Ek het tot die radikale ontdekking gekom dat die doel van die Evangelie van Jesus Christus nie primêr is om my eendag hemel toe te laat gaan nie; ...

ook nie primêr om my met God te versoen nie; ook nie primêr om my van my sonde te verlos nie; ook nie primêr om die liefde en heiligheid van God in my lewe te herstel nie, ook nie om my te help om gelukkig en vervullend hier op aarde te leef nie — hoe belangrik en waar al hierdie dinge ookal mag wees.

As Jesus Christus van ewigheid af die tweede Persoon van die Drie-Eenheid was — en ons weet dat dit so is (bv Joh 17:24), kan dit wees dat God die mens geskape het as 'n Metgesel en Bruid vir die Seun? Ja waarlik! Dit is in werklikheid wat die Bybel leer! Die Kerk en Liggaam van Christus hier op aarde was en is bestem om die Bruid van Christus te word met die wederkoms — **nog voor die grondlegging van die aarde!**

Ek het tot die ontdekking gekom dat die primêre doel van die Evangelie is om die behoefte van God aan 'n Metgesel en Bruid vir Sy Seun te vervul!

Die primêre doel van my en elke ander persoon se redding is nie om eendag hemel toe te gaan nie, maar om die begeerte van God te vervul vir 'n Metgesel en Bruid vir Sy Seun!

Paul Billheimer kom tot dieselfde gevolgtrekking in sy boek *Destined For The Throne* wanneer hy sê: "The author's primary thesis is that the *one* purpose of the universe from all eternity is the production and preparation of an Eternal Companion for the Son, called the Bride, the Lamb's Wife." (1. *Destined For The Throne* by Paul E Billheimer, blads 15)

Wat 'n geweldige roeping en doel! Dink net vir 'n oomblik na. Jy en ek is deur God beplan voor die skepping van die wêreld om eendag met Jesus Christus in 'n hemelse huwelik verbind te word en saam met Hom as konings en koninginne oor God se skepping te regeer!

Jesus Christus het Sy lewe vir jou en my opgeoffer om aan 'n kruis te sterf, Sy Bloed vir jou en my gestort om jou en my los te koop en te verlos van die smet en die mag van sonde en Satan, nie slegs om eendag hemel toe te gaan nie, maar om met Jesus Christus in 'n hemelse huwelik verbind te word om saam met Hom as konings op Sy troon te regeer oor die skepping van God!

Ons herhaal Mat 25:34: "*Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af.*" In Op 5:9,10 lees ons: "*Toe sing hulle 'n nuwe lied en sê: U is waardig om die boek te neem en sy seëls oop te maak, want U is geslag en het ons vir God met u bloed gekoop uit*

*elke stam en taal en volk en nasie, en het ons konings en priesters vir onse God gemaak, en ons sal as konings op die aarde heers.*" (Lees gerus ook Mat 13:35; Joh 17:24; Ef 1:4; 1 Pe 1:20; Op 13:8; Op 17:8) (Beklemtoning my eie.)

Liewe kind van God, verstaan jy dat die doel van jou redding is om eendag die vrou van Jesus Christus te wees en saam met Hom op Sy troon te sit en oor die skepping te regeer! Jou status as Christen is veel groter en hoër as slegs 'n arme sondaar uit genade gered. Hoe waar dit ookal is, is jy 'n koning en koningin in wording!

Deur die Bloed van Jesus Christus en die wedergeboorte het jy deel geword van die Goddelike Koninklike familie en is jy 'n prins en prinses in God se ewigheidsopleidingskool. Jy is besig om voorberei te word vir 'n posisie van koningskap en heerskappy oor die skepping saam met Christus en ...

**Elke faset van jou en my aardse lewe staan sentraal binne hierdie groot en heerlike doel van God met jou en my lewe!**

God het 'n drieledige amp en roeping vir elke Christen, naamlik koning, priester en profeet, maar ons sal later weer hierna verwys.

## **Wat is ons doel hier en nou op aarde?**

Die volgende vraag is, as ons weet dat ons bestem is om saam met Christus te regeer as Sy Bruid, wat is die doel van ons lewe hier op aarde?

**Daar kan slegs een verklaring wees — voorbereiding en opleiding vir die ewigheid as Bruid — as Konings en Koninginne! Jy en ek is bestem om nou en hier op aarde te leer om te heers en te oorwin!**

Ons is bestem om hier op aarde te heers en te oorwin oor sonde — om te oorwin oor Satan — om te oorwin oor die wêreld en omstandighede, en hier kom die klimaks — om te oorwin om die wêreld vir Christus te wen, die Koninkryk van God hier op aarde te vestig en sy Bruid voor te berei in afwagting op die koms van Jesus Christus! (Lees gerus weer Romeine 8 in die lig van hierdie stelling.)

Laat ons dit weer sê, ons doel hier op aarde is om mee te werk om die Koninkryk van God te laat kom, wat sy klimaks gaan bereik met die wederkoms van Christus. Ons doel hier op aarde is om die weg voor te berei vir die wederkoms van Christus en dit te verhaas! Liewe kind van God, die wederkoms van Christus is ons doelwit!

**Die wederkoms van Christus is ons verwagting! Die wederkoms van Christus is ons hoogste strewe! As dit nie is nie, is ons fokus op die verkeerde plek!**

Moenie toelaat dat profete wat die datum van die wederkoms probeer voorspel en verkeerd bewys word, jou vuur en ywer vir die wederkoms laat taan, of jou geloof ondermyn nie! Dink jy dat Satan weet nie wat die implikasies van die wederkoms is nie? Geen wonder dat hy daarop fokus om die Kerk van Jesus te verwar en ons wederkomsfokus probeer ondermyn nie!

Onthou — jy is bestem tot oorwinning oor Satan en sy koninkryk!

### **Waaruit bestaan God se voorbereidingsproses?**

God se voorbereiding en opleiding vir die ewigheid vind op twee vlakke plaas, op individuele sowel as op kollektiewe vlak.

Op kollektiewe vlak is Jesus Christus besig om Sy Bruid te versamel uit elke volk, taal en nasie! Jesus Christus is besig om Sy Kerk te bou en sodra hierdie proses voltooi is sal die wederkoms van Christus plaasvind! Ons lees in Mat 28:18-20: *"Jesus kom toe nader en sê vir hulle: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe*

*en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld."* (NAV)

Die Bruid van Christus moet verteenwoordig word uit alle volke tale en nasies, dit is die enigste ding wat die wederkoms van Christus vertraag! Die Bruid is nog nie volledig nie. Jesus sê in Mat 24:14: *"En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuigenis kan hoor. Eers dan sal die einde kom."*

### **Waarmee is God besig in elke individuele Christen se lewe?**

Op individuele vlak is Jesus Christus in hierdie wêreld besig met 'n sesvoudige voorbereidingsproses vir die wederkoms en die ewigheid in elke Christen se lewe.

**Elke seëning, elke gawe, elke geleentheid, elke beproewing, elke stryd en elke uitdaging wat oor jou en my pad kom, kan verklaar word binne een of meer van hierdie ses areas!**

Hierdie voorbereidingsproses lyk soos volg:

**1. Eerstens, om die mens se gebroke verhouding met God te herstel deur bekering en wedergeboorte, en hom 'n kind en familielid van God te maak deur die versoeningswerk van Jesus Christus aan die Kruis.**

Joh 1:12: *“Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; ..”* Joh 3:3: *“Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”* Rom 8:16: *“Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; ..”*

Kan ek vir jou vra, hoe lyk jou verhouding met Jesus Christus? Staan jy in 'n intieme en lewende verhouding met Jesus Christus? Het jy 'n getuienis van wedergeboorte? Het jy sekerheid van jou ewigheidsbestemming saam met Christus? Indien jy nie positief kan antwoord op hierdie vraag nie, is hierdie die area waarmee God nou besig is in jou lewe!

**2. Die tweede area waarmee God besig is in elke Christen se lewe is, om die Godsbeeld in ons lewens te herstel deur hartreiniging, vervulling met die Heilige Gees, en die proses van heiligmaking.**

Rom 8:29—NAV: *“Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die*

*beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.”* 1 Jo 2:5,6: *“Maar elkeen wat sy woord bewaar, in hom het die liefde van God waarlik volmaak geword. ...”* Heb 12:14: *“Jaag die vrede na met almal, en die heiligmaking waarsonder niemand die Here sal sien nie; ..”* Eph 5:18: *“... word met die Gees vervul.”* Gal 5:24: *“Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.”* En 1 Pe 1:15: *“Maar soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in jul hele lewenswandel heilig word, ..”*

Hoe lyk jou lewe as Christen? In watter mate het jy God al toegelaat om Sy beeld in jou te herstel? In watter mate het die heiligheid en liefde van God al in jou lewe gestalte gekry? As jy 'n weergebore Christen is, kan ek jou verseker, God wil jou verander na Sy beeld en Hy is nou besig met jou in hierdie area van jou lewe!

**3. Die derde area waarmee God besig is in ons lewens is om ons te bekwaam vir ons amp en roeping as koning.**

Hy wil ons leer om te oorwin en te heers oor sonde, oor Satan, oor die sondige wêreld, oor omstandighede en beproewing, en oor die lewe. Rom 8:2: *“Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.”* Rom 8:37: *“Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat ons liefgehad het.”* (Lees

ook Ef 1:17-23; Fil 4:13; 1 Cor 13; Rom 12:21)

Is jy 'n oorwinnaar in Christus? Heers jy oor versoeking en sonde? Is jy 'n oorwinnaar oor Satan en sy bouse magte? Heers jy oor jou omstandighede? Heers jy oor die lewe soos God dit bedoel het — oor jou werk en beroep, oor jou besigheid, oor jou huwelik, oor jou gesinslewe, oor jou finansies en gesondheid, oor jou ontspanning, oor jou geestelike lewe? Of heers die lewe en die wêreld oor jou? Wees verseker, jy is bestem om te heers en te oorwin op elke terrein van jou lewe — God wil dat jy 'n oorwinnaar sal wees in Christus!

#### **4. Die vierde area waarmee God besig is in elke Christen se lewe, is om ons te bekwaam vir ons amp en roeping as profeet.**

'n Profeet is iemand wat God se Woord hoor en aan ander verkondig — (nie iemand wat die toekoms voorspel nie, alhoewel die Woord van God betrekking kan hê op toekomstige dinge, soos byvoorbeeld die wederkoms. Wees op jou hoede vir 'christelike' waarsêery. Sien Han 16:16-18.) God wil ons bekragtig om Hom te verteenwoordig in ons gesinne en in hierdie wêreld, en die sout van die aarde te wees deur ons lewe en getuienis deur die inwoning en beheer van die Heilige Gees.

Han 1:8: *“maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die*

*hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.”* Mat 5:13: *“Julle is die sout van die aarde, ...”*

Weet jou gesin en jou leefwêreld dat jy 'n profeet en verteenwoordiger van God en getuie van Jesus Christus is? Hoe effektief is jou getuienis? Weet verseker dat God jou wil bekwaam en bekragtig as Sy verteenwoordiger en profeet in hierdie wêreld!

#### **5. Die vyfde area waarmee God besig is in elke Christen se lewe is om ons te bekwaam vir ons amp en roeping as priester.**

'n Priester is iemand wat namens iemand anders intree by God. Jesus Christus is ons Hoë Priester wat vir ons intree by God, maar ons is Sy priesters vir onself, ons gesin en die wêreld deur gebed en diensbaarheid. Gebed is die altaar waar ons intree vir ons gesin en die wêreld, en ons leefwêreld is ons plek van diensbaarheid.

Hoe lyk jou gebedslewe? Hoe lyk jou priesterlike 'diensrekord'? Weet verseker, God roep jou as priester in jou binnekamer en as priester in hierdie wêreld!

#### **6. Die sesde area waarmee God besig is in ons lewens, is om ons toe te rus vir Sy Groot Opdrag.**

Hy wil ons gebruik om die wêreld vir Christus te wen, die Evangelie uit te dra, die Koninkryk van God te vestig, dissipels te maak, en die

Kerk en Bruid van Christus te bou oor nasie, volke en taalgrense heen.

Ons het reeds Mat 28:18-20 aangehaal: "... *Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: ...*"

Weet verseker dat God jou vrugbaar in Sy diens wil maak op kollektiewe vlak en Hy is besig om jou voor te berei vir 'n bepaalde taak en missie in Sy wingerd! Elke Christen het 'n voltydse sendingroeping, al werk jy ook ses dae per week — die vraag is net, waar! Weet jy waar God jou geroep het om in Sy wingerd te arbei?

**Bogenoemde ses areas is geestelike doelwitte, maar dit kom tot uitwerking binne die raamwerk van 'n materiële en fisiese wêreld.**

My materiële en fisiese wêreld is nie uitgesluit van hierdie proses nie, maar inherent deel daarvan. My alledaagse lewe, my werk, my beroep, my huwelik en gesinslewe, my sport en my ontspanning is dus 'n integrale deel van my ewigheidsdoel, want dit is daar waar ek voorberei word vir die ewigheid. Ek is dus nie wêreldvreemd nie, alhoewel ek 'n bywoner in hierdie wêreld is oppad na 'n hoër bestemming! Die Evangelie van Jesus Christus is inderdaad 'n holistiese Evangelie — dit bedien en span oor gees, siel en liggaam.

**Dit is egter 'n kwessie van fokus. 'n Atleet se doel is om so vinnig as moontlik by die wenpaal te kom. Sy fokus is op die wenstreep.**

As hy sy aandag laat aftrek deur sy vriende langs die veld of die toeskouers op die pawiljoen, het hy geen kans om die wedren te wen nie. Alhoewel die atleet besig is met 'n fisiese en liggaamlike oefening op 'n materiële baan, moet hy 'n bepaalde geestesinstelling hê en moet sy fokus op die wenstreep wees as hy die wedren wil wen. So is dit ook met die Christen.

Die apostel Paulus skets dit so pragtig in Fil 3:13,14: "*Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus.*"

En in 1 Kor 9:24-27: "*Weet julle nie dat die wat op die baan hardloop, wel almal hardloop, maar dat een die prys ontvang nie? Hardloop só dat julle dit sekerlik kan behaal. En elkeen wat aan 'n wedstryd deelneem, onthou hom in alles — hulle nogal om 'n verwelklike krans te ontvang, maar ons 'n onverwelklike. Ek hardloop dan soos een wat nie onseker is nie; ek slaan met die vuis soos een wat nie in die lug slaan nie. Maar ek kasty my liggaam en maak dit diensbaar, dat ek nie miskien, terwyl ek vir ander gepreek het, self verwerplik sou wees nie.*"

Wanneer jy en ek verstaan waarmee God in ons lewens besig is en vir watter doel Hy daarmee besig is, moet dit noodwendig ons fokus verander!

Dit behoort ons aan te vuur tot dieper oorgawe en groter betrokkenheid om die wederkoms van Christus te verhaas deur Hom toe te laat om Sy skeppingsdoel in ons lewens te vervul in die ses areas wat ons geïdentifiseer het. Ek en jy is in God se Koninklike Universiteit, besig om voorberei te word vir ons rol as konings om saam met Christus te regeer wanneer ons met Hom verenig gaan word by die Bruilofsmaal van die Lam! En wanneer ek besef dat ek die wederkoms van Christus kan verhaas deur my oorgawe en medewerking in Sy diens, dan inspireer dit my, nie alleen om vir Hom te werk nie, maar om Sy instrument te wees om Sy doel hier op aarde **deur** my te bereik!

Daarom is wêreldsending en die bereiking van die wêreld met die Evangelieboodskap my hoogste prioriteit en is ek opreg van mening dat dit vir die Kerk van Christus en elke kind van God so behoort te wees.

Ek wil jou graag uitdaag tot selfondersoek. Is jou lewe nie dalk ook doelloos nie? Waarheen lei alles waarmee jy jou so naarstiglik besig hou? Waarom sloof jy jouself so af net vir materiële gewin of om brood op die tafel te kry? Jesus sê in Mat 6:33:

*“Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.”* Wil jy nie vandag kom aanmeld vir ‘n doelgerigte lewe nie? Wil jy nie vandag jou lewe tot die Here se beskikking stel om Sy Goddelike doel in en deur jou lewe te kom verwesenlik nie?

Ek wil afsluit met ‘n geheim!

Weet jy, niks wat jy hier gelees het sal enige verskil in jou lewe maak, tensy jy ‘n geloofstap in gebed neem nie!

Hierdie artikel kan vir jou hoe wonderlik en openbarend ookal wees, maar dit sal niks verander in jou lewe tensy jy dit deur geloof, in gebed, jou eie maak nie.

Ek wil jou dus aanmoedig om **nou** oor te gaan tot gebed en jou behoefte aan God bekend te maak. Op die twee bladsye wat hierop volg is ses fundamentele beginsels en ‘n modelgebed wat jou kan help om hierdie geloofstap te neem.

Ek wil graag vir jou bid:

“Skepper, God en Vader, ek bid vir hierdie persoon wat hierdie boodskap gelees het. Net die feit dat hy of sy tot hier gelees het is reeds ‘n bewys dat hy of sy ‘n opregte verlange en begeerte het om U volle hemelse skeppingsdoel en plan vir sy of haar lewe deelagtig te word. U belowe in U



Woord dat U U sal laat vind deur elkeen wat U met 'n opregte hart in geloof soek.

My gebed vir hierdie persoon is dat U in hom of haar geloof sal werk om U te vertrou vir die volheids- en oorwinningslewe. Sal U asseblief in U groot genade afbuig na hierdie persoon toe en Uself aan hom of haar openbaar in al U volheid deur U Heilige Gees.

Ek vra dit in die Naam van Jesus Christus, die Here.

Ek beroep my op die Bloed van die Lam van God en ek pleit die Bloed van Jesus Christus oor hierdie persoon. In terme van my gesag in Christus proklameer ek die aloorwinnende Naam en die Koningskap van Jesus Christus, die oorwinning van die Kruis, die Bloed van die Lam, en die Leë Graf van die Seun van God oor hierdie persoon in die Naam van Jesus Christus die Here!

Amen. ♠



## 'Hoe Om Jou Droom Te Vervul'

Wens jy jy kan 'n effektiewe getuie vir Jesus Christus wees? Hier is 'n maklike en effektiewe manier. Al wat jy hoef te doen is om iemand te vertel van hierdie webblad en die persoon aan te moedig om op hierdie webblad te gaan kuier. Die res gebeur vanself! 'Hoe Om Jou Droom Te Vervul', is 'n internet geestelike visvangprogram (evangelisasieprogram) wat mense deur middel van die internet lei tot 'n punt van oorgawe aan Jesus Christus as Verlosser. Nou kan jy daardie familielede en vriende met wie dit so moeilik is om oor Jesus te praat na Jesus toe lei met behulp van die internet. Gaan kyk self hoe dit werk.

[www.sepprograms.com/sendingoorgrense.html](http://www.sepprograms.com/sendingoorgrense.html)

Ons maak gebruik van die Aweber eposdiens en daarom is dit nodig dat jy op die internet sal inteken op die eposlys as jy Die Dissipelmaker gereeld wil ontvang. Daar is geen koste aan verbonde nie — enige finansiële ondersteuning is vrywillig.

Klik hier om in te teken vir Die Dissipelmaker  
[www.sepprograms.com/dissipelmaker.html](http://www.sepprograms.com/dissipelmaker.html)

## **Die ses fundamentele Bybelse beginsels van 'n oorvloedige, oorwinnende, en Geesvervulde lewe**

Drie dinge wat jy moet weet:

**1. God het 'n hemelse skeppingsdoel, dinamiese plan en 'n koninklike erfenis vir jou van geestelike oorvloed, oorwinning, en 'n Geesvervulde lewe.**

**2. Jou eie sonde en jou sondige natuur is die enigste rede waarom jy nie God se doel en plan vir jou lewe deelagtig word en die volheid van die Heilige Gees, Sy erfenis, oorvloed, en oorwinning in jou lewe ervaar nie.**

**3. Jesus Christus is God se volkome en enigste voorsiening, en die mens se volkome en enigste oplossing vir die probleem van sonde en jou sondige natuur.**

Drie dinge waarop jy moet reageer in gebed:

### ***4. Geloof!***

**Ongeveinste geloof in Jesus Christus, Sy kruiswerk en Sy Woord, is die sleutel tot 'n Geesvervulde lewe, Sy oorvloed, oorwinning, en die volheid van Sy erfenis.**

### ***5. Bekering!***

**Geloof in Jesus Christus, Sy kruiswerk en Sy Woord, behels 'n heelhartige bekering van alle sonde.**

### ***6. Algehele oorgawe!***

**Geloof in Jesus Christus en Sy kruiswerk behels 'n sterwe aan jouself en 'n algehele en onvoorwaardelike oorgawe van elke terrein van jou lewe aan Hom.**

## 'n Modelgebed vir iemand wat die Here wil vertrou vir die vervulling met die Heilige Gees en die oorwinningslewe.

Dierbare Here Jesus Christus, ek verstaan dat U aan die kruis van Golgota met U eie Bloed betaal het, nie alleen vir my sondeskuld nie, maar ook vir my volkome verlossing en bevryding van die mag van sonde en my sondige natuur! Ek verstaan ook dat U 'n wonderlike plan van oorwinning en vrugbaarheid vir my lewe het en dat U my wil vul met U Heilige Gees!

Ek kom in hierdie oomblik in diepe verootmoediging na U troon van genade toe. Ek bely dat my lewe nie op U standaard is nie! Ek erken die verdorwenheid van my eie sondige natuur! Ek bely dat ek nie oorwinning oor sonde en my sondige natuur het nie en dat ek 'n lewe van geestelike neerlaag lei. Ek kom kniel nou in diepe berou oor my eie sondige toestand, my selfgesentreerdheid en my ongelof by die kruis van Jesus. Ek bely ook elke sonde waarvan ek bewus is in my lewe. Was my rein van elke sonde in die Bloed van die Lam, maar skep ook vir my 'n rein hart, O God! **(Bely elke bewuste sonde by die naam voor God, en sluit elke toegangspoort vir Satan en sy bose magte deur Jesus se bloed, in geloof.)**

Ek draai hierdie oomblik my rug op elke sonde in my lewe en ek sluit 'n verbond met U om my te onderwerp in gehoorsaamheid aan U Woord, U wet, U wil en U plan vir my lewe! Ek gee in hierdie oomblik my sondige natuur oor om saam met Christus gekruisig te word, en ek neem my posisie in as gekruisigde saam met Christus in die geloof! **Ek (plaas jou eie naam hierin) is saam met Christus gekruisig, en ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my; en die lewe wat ek nou nog hier in die wêreld lewe, leef ek deur geloof in die Seun van God wat Sy liefde vir my bewys het deur Sy lewe vir my af te lê!** (Gal 2:20)

Ek kom gee my hele lewe, insluitende my WIL, INTELLEK en EMOSIE algeheel en onvoorwaardelik aan U oor! Alles wat ek is en wat ek besit, gee ek aan U sodat U U hemelse plan in en deur my lewe tot uitvoering kan bring! Wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus! (Fil 3:7-11) Kom neem asseblief beheer oor van elke terrein van my lewe! Vul nou my hart en lewe met U Heilige Gees!

Dankie vir die beloftes van U Woord en ek eien in hierdie oomblik elke belofte in U Woord vir myself toe in geloof! Ek glo U wanneer U sê dat U dié beloon wat U met hulle hele hart soek! Ek glo dat U nou volle beheer van my lewe oorgeneem het deur U Heilige Gees. Deur die geloof kom neem ek ook nou my opstandingsposisie en oorwinnaarsposisie in op grond van U Woord, in die Naam van Jesus Christus my Here! Ek loof en prys U, Here Jesus! Ek het U lief, Here Jesus! Amen. ♦

# Sending Sonder Grense

Nou kan jy 'n sendeling wees vanuit jou eie huis. Sending Sonder Grense is 'n baie effektiewe en opwindende manier om betrokke te raak by wêreldsending!

- ◆ Sending Sonder Grense is, net soos Die Dissipelmaker, 'n bediening van Scripture Educational Programs en is 'n Internet evangelisasiebediening waar ons daarop fokus om die wêreld met die Evangelie van Jesus Christus te bereik deur die internet.
- ◆ 'n Kuberprogram is ontwikkel waardeur ons 'n persoon tot 'n basiese kennis van die Evangelie en dan tot 'n punt van beslissing lei om Jesus Christus as Here en Saligmaker aan te neem.
- ◆ Verskeie platforms word gebruik soos Google, Facebook, Twitter en andere, waardeur dit vir ons moontlik is om haas enige groep mense in feitlik elke land van die wêreld te bereik.

## Ons doel

Die doel van Sending Sonder Grense is om die Evangelie deur middel van die internet regoor die wêreld te versprei.

## Die Gesig van Sending is besig om te Verander ...

Die sendingveld van ons tyd is besig om te verander. Nog nooit in die geskiedenis was die wêreld so bereikbaar met die Evangelie soos nou nie! Tot heel onlangs was die primêre metodes van sending beperk tot die stuur van sendelinge, die gedrukte media, radio en televisie. Die internet is egter besig om te groei teen 'n astronomiese tempo en die Kerk sal wys wees om kennis te neem van hierdie nuwe geleentheid om die Evangelie te versprei.

## Waarom is die internet so effektief?

- ◆ Die internet is 'n interaktiewe medium. Dit is dus moontlik om iemand tot 'n keuse en punt van beslissing te lei deur die internet, sonder die tyds- en ander beperkinge van persoonlike bediening.
- ◆ Dit is moontlik om groot massas mense gelyktydig te bereik.
- ◆ Die internet is maksimaal aanpasbaar en programme kan geteiken word om spesifieke groepe te bereik.
- ◆ 'n Persoon se naam en eposadres word verkry wat dit moontlik maak om hierdie persone te dissipel, om vir hulle te bid, en om hulle te lei tot geestelike volwassenheid. Dit is soos om vis te vang met 'n net en in 'n

visbak te gooi. Hulle kan nie wegkom nie, en kan nou gevoer word.

- ◆ Dit is 'n baie koste-effektiewe metode van evangelisasie. Dit is baie goedkoper as enige ander metode of medium.
- ◆ Die internet is die vinnigste groeiende medium ter wêreld en daar is reeds meer internet gebruikers wêreldwyd as telefoonlyn. Daar word meer as 2 biljoen soeke op Google **elke dag** gedoen; 1.8 miljoen mense soek na “geluk” en 301,000 na “vervulling” op Google elke maand. Ons het vir hulle die antwoord!
- ◆ Nuwe applikasies soos blogs, forums, sosiale media soos Facebook, Twitter, You Tube en vele ander sowel as voortdurend nuwe ontwikkelende applikasies bring nie alleen die internet in elke huis nie, maar maak dit 'n onmisbare instrument vir elke huishouding. Nuwe applikasies is nou selfs besig om die radio, televisie, en selfoontegnologie te integreer met die internet. Dit is selfs moontlik om deur die internet die Evangelie oor selfone te versprei.

## **Fenominale Geleentede...**

Sending Sonder Grense is aanvanklik van stapel gestuur in September 2010 met 'n enkele loodsprogram en 'n klein begrotingtjie van R5000. Binne die eerste 28 dae het daar reeds 112 soekende persone van 18 verskillende lande (insluitende Iran) hulle name op ons gebedslys geplaas, waarvan 41 'n beslissing gemaak het om Jesus Christus aan te neem as Saligmaker en Here.

Ons hooffokus is nou om hierdie nuwe bekeerlinge te dissipeer en in te skakel by 'n plaaslike evangeliese gemeente.

## **Wie kan betrokke raak?**

Gemeentes kan betrokke raak.

Sendingorganisasies kan betrokke raak.

Individue kan betrokke raak.

Besighede kan betrokke raak.

## **Hoe kan jy betrokke raak?**

Daar is drie maniere waarop jy by Sending Sonder Grense betrokke kan raak:

1. **Bid alleen.** Jy kan miskien nie finansieel betrokke raak nie, maar jy wil saam met ons bid vir siele. Jy registreer as 'n Voorbidder en **ons gee aan jou op 'n gereelde basis 'n aantal name van persone deur vir voorbidding.** Jy sê self vir hoeveel persone jy weekliks of maandeliks wil bid. Ons gee dan die name van persone wat hulle name op die Soekers Gebedslys, of die Groei Gebedslys geplaas het vir jou deur vir voorbidding.

2. **Gee alleen.** Jy verkies miskien om slegs finansiële betrokke te raak. Al die name wat op ons gebedslys geplaas word gee ons dan deur na die Voorbidders vir voorbidding.
3. **Bid en gee.** Jy registreer as 'n Voorbidder soos hierbo en gee soos die Here jou lei.

## **Die Gemeente- of Organisasieprogram**

Die voorwaarde vir 'n gemeente of sendingorganisasie om deel te neem, is dat die gemeente of organisasie 'n gebedsgroep of -program moet hê wat konstant intree vir elke persoon wat sy/haar naam op die gebedslys plaas.

**Die Algemene Program.** 'n Algemene Kuberprogram word gekoppel aan 'n gemeente of organisasie. Die gemeente kry sy eie gebedslys en die gemeente of organisasie neem aanspreeklikheid vir nuwe bekeerlinge, of aanvaar Die Dissipelmaker se dissipelskapprogram. Die gemeente besluit self watter bedrag hulle per maand wil investeer en alle name op die gemeente se gebedslys word na die gemeente verwys vir voorbidding en inskakeling. Elke Sondag word die aantal bekeerlinge vir die week aan die gemeente bekend gemaak as vrug uit die gemeente op hulle wêreldsendingprogram.

**Die Geteikende Program.** Sending Sonder Grense kan 'n ideale platform wees om nuwe gemeentes te plant of om baanbrekersendingwerk te doen. 'n Spesiale Kuberprogram word ontwerp in samewerking met die gemeente of organisasie en geteiken op gebiede of groepe waar die kerk of organisasie werksaam is, gemeentes het, of gemeentes wil plant. Die gemeente of organisasie kry sy eie gebedslys en neem volle aanspreeklikheid vir nuwe bekeerlinge.

Ons is egter ongelukkig nog nie georganiseer om 'n Geteikende Program te loods nie, aangesien ons personeel sal moet aanstel om te help met al die werk. Indien 'n gemeente of organisasie egter met ons gesprek wil voer hieroor, is ons oop vir so 'n gesprek.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die wêreld is die Kerk — en jy as individu — in die posisie om die hele wêreld effektief op 'n groot skaal met die Evangelie te bereik. Jy sien letterlik hoe mense tot bekering kom deur JOU getuïenis, gebede en betrokkenheid. Raak sommer nou betrokke by hierdie vervullende aksie!

## **Raak so betrokke**

### **1. Teken in op die Dissipelmaker en versprei dit onder jou eie eposlys.**

Ons maak gebruik van die AWeber eposdiens en daarom is dit nodig dat jy op die internet sal inteken op die eposlys as jy Die Dissipelmaker gereeld wil ontvang. Daar is geen koste aan verbonde nie — enige finansiële ondersteuning is vrywillig.

Besoek asseblief hierdie webbladsy om in te teken vir Die Dissipelmaker:

[www.sepprograms.com/dissipelmaker.html](http://www.sepprograms.com/dissipelmaker.html)

Om te registreer as 'n Voorbidder, besoek asseblief hierdie webbladsy:

[www.sepprograms.com/voorbidder.html](http://www.sepprograms.com/voorbidder.html)

### **2. Gebruik die ‘God se droom vir jou lewe’ internet evangelisasieprogram om jou eie familie en invloedkring te bereik met die Evangelie.**

Al wat jy hoef te doen is om jou familie en vriende aan te moedig en te motiveer om hierdie webblad te besoek: [www.sepprograms.com/droom.html](http://www.sepprograms.com/droom.html)

Die res gebeur vanself! Gaan kyk self hoe dit werk hier:

[www.sepprograms.com/sendingoorgense.html](http://www.sepprograms.com/sendingoorgense.html)

### **3. Skakel in by ‘God se droom vir jou lewe’ persoonlike evangelisasie Kaartjieprojek.**

Hier is 'n maklike en effektiewe manier om 'n wye kring van mense met die Evangelie te bereik op 'n natuurlike wyse, sonder moeite en sonder dat dit tyd in beslag neem, terwyl jy terselfdertyd by wêreldsending betrokke is!

Hierdie is ook 'n ideale metode vir gemeentelike uitreik en gemeentebou, terwyl die gemeente terselfdertyd by wêreldsending betrokke is. Hierdie projek kan ook aan 'n bepaalde gemeente gekoppel word. Geen opleiding, geen vaardigheid en geen spesiale uitreike is nodig nie. Lees meer hier:

[www.sepprograms.com/kaartjies.html](http://www.sepprograms.com/kaartjies.html)

**Ons kontakbesonderhede is:**

Elmer en Nansie Grobler, Posbus 31014, Totiusdal. 0134

Sel: 072-2022-744

Webblad: [www.sepprograms.com/indexa.html](http://www.sepprograms.com/indexa.html)

Eposadres: [admin@sepprograms.com](mailto:admin@sepprograms.com)

**Ons bankbesonderhede is soos volg:**

Scripture Educational Programs

FNB Tjek Rek Nr: 62324491141 Takkode: 250655

